

**Kleuterkerk:
18 - 24 Augustus 2019
Gooi af jou las!
Gee die aflosstokkie aan!
Hebreërs 12: 29 - 12: 2**

Deel van die sukses van Kleuterkerk is die veiligheid van roetine vir die kleintjies. Veral as die leidsters elke week wissel. Die veiligheid lê vir hul dan in die bekendheid van die roetine. Daarom hou ons elke Sondag dieselfde aankoms aktiwiteite naamlik: vryspel stasies.

Daar is drie kiste met speelgoed in naamlik klei kis, Lego's kis en legkaart kis. Die Lego kan op die mat uitgegooi word en die Klei en drukkertjies en die Legkaarte word by die tafeltjies gespeel.

Vir kleuters is hulle name ook baie belangrik. Sorg dat die skoenboks met die naamkaartjies voor by die deur is. Daar is vir elke kind naamkaartjie met hulle ouers se selfoonnommers op. Speld of knip dit vir elke kind vas soos hy of sy kom en merk ook hulle name op die register af.

Voorbereiding:

- † Bring verskeie items saam wat mens vir kamp benodig en 'n paar ekstra onnodige items ook.
- † Skoon papier waarop briefies geskryf kan word of prente geteken kan word.
- † Gom en skêre.
- † Afdrukke van bandjies vir aflosstokkies.

Uitpak & Vryspel

Sorg dat jy 20 minute voor die tyd daar is en pak die drie stasies vir vryspel uit. Sorg ook dat die skoenboks met die name en die bywoning register en pen gereed is. Laat die ouers die kind se naam op die register skryf.

Ontvang die kinders by die deur, speld hulle naamkaartjies aan en lei hulle na die stasies toe vir vryspel.

Regmaak & Draailoop

Laat die kinders die stasies waar hulle tans speel oppak, en neem die kinders wat wil, om draaitjie te gaan maak in die badkamer.

Laat die kleuters op die mat gaan sit. Jy as leidster kan op stoeltjie voor hulle gaan sit. Om seker te maak almal bly stil, laat hulle kruisbene sit met hulle handjies in hulle mandjies (in hul skote).

Die volgende roetine word voor gestel:

✦ Bywoningsregister

Om vir die kleuters erkenning te gee dat hulle gekom het, kan hulle plakkertjie plak op die betrokke plek op die bywoning trein. LW dis nie trein met datums op wat vir jou sal uitwys watter Sondag jy nie daar was nie. Dis doodeenvoudig net 'n trein met trokke waarop die kinders se name staan en hulle geleentheid kan kry om 'n plakker te plak in sy/haar trokkie waarop hul name aangebring is.

✦ Verjaarsdag gelukwensing (sing en ontvang kroon met ballon)

Indien iemand verjaar het gedurende die week of vakansie, sing almal vir hom/haar "Geluk liewe maatjie" en hy/sy ontvang verjaarsdag kroon (voorsien) en ballon(voorsien)

✦ Kollekte - Een van die maatjies neem die geld op in mandjie

✦ Hersieningsmoment

Vra die kinders uit oor wat hulle van die vorige Sondag se kleuterkerkles kan onthou.

Bidtyd: Openingsgebed

Vra een van die kinders om te open met gebed.

Geseltyd:

Vandag gaan ons kyk wie van julle die fiksste en sterkste is. En vir die oefening noem ons daardie ou: Fikse Fanie. Wie dink hy is somer baie sterk en sal Fikse Fanie wees? Fikse Fanie moet ook vir ons die items uitsorteer en vir ons alles wat mens nodig het om te gaan kamp, by mekaar sit, en alles wat onnodig is, eenkant weg sit.

Neem 'n verskeidenheid items saam waarmee mens alles kan kamp of gaan berg klim. Alles van 'n waterbottel, 'n braai rooster, 'n tent, 'n slaapsak, 'n rugsak. Handdoeke, boeke, braai hout, sonsambreel, kampstoele, koelhouer ens. Sit ook onnodige items by. Laat die kinders iemand aanwys wat die oefening moet doen. Laat hom/haar nou alle items wat hulle dink by kamp pas, op een hoop sit.

Nou dat ons alles vir 'n kamp by mekaar het, moet Fikse Fanie vir ons alles optel en dra tot by die kamp plek. *Die maats kan help om alles op die maatjie te laai. Dit behoort redelik onmoontlik te wees om alles op te laai.*

As Fikse Fanie wil, kan hy van die items wat hy dink onnodig is, begin afhaal en los. Van die items sal kamp dalk ook lekker maak, maar is nie so noodsaaklik soos wat ons soms dink nie. *Help Fikse Fanie om een vir een van die items te los en ook te verduidelik hoekom mens van die items kan los. En waarom hy van die ander items steeds bly saam dra.*

As mens weet jy gaan baie ver stap, of jy moet swaar goed saam met jou dra, dan is dit nie altyd so maklik of lekker nie. Dis beter om dit wat jou gaan terughou, eerder af te gooi. Soms dink ons ons kan nie sonder iets lewe nie, soos dat ons nie sonder 'n selfoon of 'n tablet kan oorleef nie, maar as ons vir 'n rukkie daarsonder moet klaar kom, kom ons agter, dat ons onself soms wys maak ons het iets nodig, wat nie altyd nodig is nie.

As mens ook wil oefen en fiks wees, moet jy alles wat onnodig is afhaal en agter los, want onnodige bagasie maak dit vir jou onnodig moeilik en sal jou keer om jou doel te bereik. As ons atletiek kyk sien ons altyd hoe mense vir atlete aanmoedig om aan te hou met hardloop, maar nie vir hulle allerhande ekstra goed op laai nie. Nee hulle skree net: Hou bene hou, en die atleet hardloop sonder enige ekstras, nie eens waterbottels nie, hulle sal eerder langs die pad net 'n sakkie water gryp, dit drink en weer verder hardloop, maar geen onnodige goed optel en saam dra nie.

Singtyd:

(Die liedere is net voorstelle, indien iets anders meer bekend is kan dit ook gesing word.)

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

Bly volhard soos atlete

Bly volhard soos atlete
Dis God wat ons wedloop bepaal
Daar's 'n skare verlostes
Wat wag om die baan
Dat ons almal die wenstreep sal haal

Liedboek 547

Alle volke, klap jul hande
Juig tot eer van God
Verhef jul stem en roem Sy Naam
In elke stad op aarde
Sing en sing en sing dan saam
Loof en prys Sy grote Naam
Want Hy is ewig Koning
In die Hemel en op aarde

Sing en sing en sing dan saam
Loof en prys Sy grote Naam
Want die Hemelkoning
Skenk ons Sy genade

Bybeltyd:

In die boek Hebreërs, dis 'n boek geskryf deur Paulus, in die Nuwe Testament, leer Paulus die gelowiges hoe God wil hê dat ons moet lewe.

Die volk van God was nog so gewoon dat hulle reels en wette moes nakom, en het gedink as hulle al die wette sal nakom, sal God hulle vergewe vir alles wat hulle verkeerd gedoen het. Maar ons weet dat Jesus aarde toe gekom het om ons vry te maak van ons sonde. Daarom kan niks wat ons dink of sê of doen, maak dat God ons sal vergewe nie. Hy het reeds die inisiatief geneem en Jesus in ons plek laat doodgaan, sodat ons gered kan word.

Paulus moedig die mense aan om terug te dink aan al die geloofshelde, dis al die mense waarvan vertel word in die Bybel, wat nie gedink het hulle kan gered word op grond van wie hulle is en uit watter agtergrond hulle kom nie. Nee, God red hulle omdat Hy lief is vir hulle, sonder dat hulle dit verdien. En dan doen God groot goed deur hulle.

Paulus gaan verder en moedig hulle aan om alles wat hulle dink ekstra nodig mag wees om deur God gered te word, neer te lê en weg te gooi, want dit haal net ons oë van God af. Ons moet eerder fokus op dit wat God vir ons wil gee en doen.

Kom ons lees daarvan in Heb.12:1-2. *Lees die gedeelte vir die kinders.*

As daar ouer kinders in die klassie is, lees gerus die eerste paar verse vanaf Heb.11:28 die gedeelte oor die geloofshelde, en vra die kinders uit of hulle kan onthou hoekom die mense geloofshelde was.

Watter dinge dink julle kan kinders van God vandag terughou en keer om vir God lief te wees? Wat moet ons weggooi, sodat ons eerder die pad saam met God kan stap?

Mense om ons wat ook vir Jesus lief is, sal ons altyd aanmoedig om aan te hou om vir God lief te wees en weg te bly van verkeerde dinge af. Ons moet altyd onthou dat Jesus 'n baie duur prys betaal het om ons sonde te vergewe, daarom moet ons wegbly van sonde af.

Het julle al aflosse by die atletiek gekyk. Al wat die aflos-atlete saam met hulle dra, is die aflosstokkie. As ons vandag 'n aflosstokkie in ons geestelike lewe moes saamdra, sal dit die Bybel wees met die Boodskap dat Jesus vir ons baie lief is. Ons moet altyd ons Bybel saamdra, en die goeie nuus wat daarin geskryf is, weer aangee vir almal om ons. Net soos die aflosstokkie.

Doentyd & Leertyd: Ons maak 'n aflosstokkie.

Die Bybel leer ons dat alles wat ons terughou en keer om te doen wat God vra, moet ons afgooi en weggooi. Niks wat ons doen of sê sal vir God laat dink ons is ouliker of mooier of slimmer nie. Nee, al wat ons kan doen, is om die goeie nuus in ons harte te dra, maar ook aan te gee vir almal om ons.

Ons maak vandag aflosstokkies.

- Skryf 'n brief of teken 'n prent vir iemand om vir hulle te wys God het hulle lief. Rol nou die papier in 'n rolletjie op.
- Knip die stroke met die Woorde: "Jesus het jou lief", of die volgende bladsy uit en plak die punte aan mekaar vas om 'n bandjie te vorm.
- Steek die opgerolde brief of prent in die rolletjie. Dit lyk nou soos 'n aflosstokkie.
- Gaan gee die stokkie met die boodskap vir 'n maatjie of iemand wat nodig het om te weet dat God ook vir hom of haar lief is.

Afsluitings gebed

Dankie Jesus dat U my wys dat ek nie alle onnodige bagasie nodig het, om u te volg nie. Help my om my oë altyd op U te hou.

Amen.

Maak aflosstokkies.

Knip uit, plak punte op mekaar, steek briefie in die bandjie wat sê: Jesus het jou lief!

	Jesus het jou lief!	
--	----------------------------	--

	Jesus het jou lief!	
--	----------------------------	--

	Jesus het jou lief!	
--	----------------------------	--

	Jesus het jou lief!	
--	----------------------------	--

	Jesus het jou lief!	
--	----------------------------	--

	Jesus het jou lief!	
--	----------------------------	--